# HOOFSTUK 5

# DIE BEWUSMAKING VAN DIE VAALDRIEHOEKSE GEMEENSKAP VAN DIE MILITÊRE AANSLAG

## 5.1 INLEIDING

Volgens die opvatting van die Franse strateeg, André Beaufre, het die veelsydige karakter van moderne oorlogvoering meegebring dat die handhawing van nasionale veiligheid nie net tot een terrein beperk kan word nie. Beaufre se idees was instrumenteel in die toepassing van die totale nasionale strategie in Suid-Afrika.[1] Dié strategie is geformuleer ten einde die aanslag af te weer en was op die gewapende mobilisasie van die samelewing gemik.[2] Landsveiligheid is as die morele verantwoordelikheid van elke burger gesien. Kerke, akademici en kultuurorganisasies kon die geestelike, morele en kulturele weerbaarheid van die gemeenskap verhoog.[3] Die Suid-Afrikaanse betrokkenheid in Angola, buitelandse druk en binnelandse onrus het meegebring dat die gevoel ontstaan het dat die land uit 'n aantal oorde bedreig is.[4] Hierdie bedreiging is gesien as 'n 'totale aanslag'. Ten einde die 'totale aanslag' effektief te bestry is die 'totale strategie' geformuleer. Die aanslag teen die land moes dus met alle middele beveg word.[5]

Die inwoners van die Vaaldriehoek is op 'n verskeidenheid maniere van die aanslag bewus gemaak. Tydens byeenkomste van verskillende organisasies is mense oor veiligheidsgebeure ingelig, terwyl Vaaldriehoekers ook deur berigte in die plaaslike pers en in tydskrifte van die veiligheidstoestand kennis

---

[1] P. H. Frankel, *Pretoria's praetorians: Civil military relations in South Africa* (Cambridge, Cambridge University Press, 1984), p. 48; Vgl.ook R. Davies, e.a., *The struggle for South Africa: a reference guide to movements, organisations and institutions vol. I* (London, Zed Books, 1984), p. 44.

[2] P. L. Moorcroft, *Africa's Superpower* (Johannesburg, Sygma, 1981), p. 65.

[3] Anon, "Landsveiligheid elke burger se taak", *Paratus*, 36(6), Junie 1985, p. 24..

[4] A. Harrigan, "Too much rhetoric", *SA Digest*, 27.01.1978, p. 10.

[5] Anon, "Defence chief asks total dedication", *Paratus*, 29(1), Januarie 1978, p. 8; H. Hamann, *Days of the generals* (Cape Town, Zebra, 2001), p. 53.

geneem het.[6] In hierdie hoofstuk gaan aangedui word hoedat mense deur middel van vergaderings en byeenkomste gemobiliseer is.

## 5.2 FEESDAE

Daar is tydens feesdae soos Republiekdag- en Krugerdagvieringe, asook Geloftedag patriotiese boodskappe gelewer en na die aanslag teen die land verwys.

Die lid van die volksraad (LV) vir Vereeniging, F. W. de Klerk, het tydens die gelofteviering van 1975 mense aangemoedig om opofferings te maak en om hulle roeping te vervul in die tyd van bedreiging.[7] Tydens die geloftefees wat op Sasolburg op 16 Desember 1975 gehou is, het prof. Ben Duvenage na die roeping van die Afrikanervolk verwys. Hy was van mening dat die militêre krag van 'n land 'n belangrike vereiste was om die aanslag van mense wat die volk se ondergang wil bewerkstellig, teen te staan. Die geestelike wapenrusting van die Afrikaner moes die bydrae maak om die land teen veral kommunistiese aanslae te beskerm.[8]

Professor Hennie Coetzee het tydens die Geloftedagvieringe van 16 Desember 1977 in Vereeniging na die konflik tussen die Weste en die Ooste verwys en aangevoer dat dit aan 'n stryd tussen geloof en ongeloof gekoppel kon word.[9] Tydens die Republiekdagvieringe van 1978 op Sasolburg het prof. Hennie Weber die volgende gesê:

> ...vir hom of haar by wie daar nooit 'n warme gloed of yskoue beklemming om die hart, trots, nederige eerbied, inspirerende idealisme

---

[6] Militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek (MAV), Onderhoude gevoer deur skrywer, p. 95. 29032000, Schempers, B,. (66) Vanderbijlpark; Anon, "Vaal gee ruim vir 300 vlugtelinge", in *Vaalweekblad*, 27.09.1974; Anon, "Refugees fear for their relatives", in *Vaalweekblad*, 04.10.1974; K. van der Merwe, "Vuurdoop van die grensvegter", *Huisgenoot*, nr. 26, 28 Junie 1974, p.24. Anon, " 'n Romantiese mite verkrummel", *Huisgenoot*, 25.10.1974, p. 20.

[7] Anon, "Geloftefeeste in Vaal: S.A. se toekoms lê in vrede, voorspoed en ontwikkeling", in *Vaalweekblad*, 19.12.1975, p. 3.

[8] Anon, "Drie vraagtekens oor Afrikanervolk", in *Vaalweekblad*, 19.12.1975.

[9] Anon, "Geloftedag sal nog belangriker word", in *Vaalweekblad*, 23.12.1977.



Illus. 36: Kol. F. S. Mulder van Kroonstad het op Krugerdag 1979 die Kultuurraad van Parys toegespreek. Vlnr. Kol. S. Mulder, T. R. W. Potgieter (voorsitter van die Kultuurraad van Parys) en dr J. P. Brits.

Bron: Anon, "Die Kultuurraad vanParys was verantwoordelik vir Krugerdagreëlings", in *Vaalweekblad*, 16.10.1979.



Illus. 37: Heinz Lass van die Sentrum vir Internasionale Politiek op Potchefstroom van die PU vir CHO het 'n gesamentlike vergadering van drie Rapportryerskorpse gehou. Vlnr. T. Van Tonder, dr H. Fourie, H. Lass en D. Jacobs.

Bron: Anon, "Oorlog op 8 vlakke teen SA gevoer", in *Vaalweekblad*, 10.03.1978.

> en 'n ware bron van krag by die aanskoue van die Republiek ervaar het nie, is 'n vreemdeling in hierdie land.[10]

In sy feesrede tydens die Republiekfeesvieringe van 1978 op Vanderbijlpark, het die hoof van die vloot, s.adm. R. A. Edwards, gesê dat ten einde te oorleef, Suid-Afrika militêr paraat en die moreel van sy soldate hoog moes wees. Hy het gemeen dat Suid-Afrikaanse soldate van die beste ter wêreld was en dat militêre paraatheid en 'n hoë moreel van jongs af ingeskerp moes word.[11] Tydens die Krugerdagvieringe van 1979 op Parys het die bevelvoerder van die Genieskool op Kroonstad, kol. F.S. Mulder, gesê dat daar 'n prys vir vryheid is en dat diensplig 'n ereplig was. Volgens hom het die stryd in Suider-Afrika om Suid-Afrika as die uiteindelike prys gegaan. Hy was van mening dat alhoewel die veiligheidsmagte besig was om die grensoorlog te wen, die oorlog ook in die harte van mense gewen moes word. Die wapens wat binnelands teen die land gebruik is, was Sabbatsontheiliging, uitspattige modes, musiek, haat, nyd, gemaksug en luiheid. Hy het aanbeveel:

> Wees vandag 'n held vir Suid-Afrika deur u alles te gee vir 'n saak groter as onsself![12]

Die Geloftediens van Vanderbijlpark op 16 Desember 1979 is deur die kapelaan-generaal van die weermag, genl. maj. W.A. van Zyl, gelei. Hy het daarna verwys dat die volk gedurig onder 'n wolk van bedreiging geleef het. Suid-Afrikaners moes sorg dat hulle militêr, geestelik en liggaamlik, maar ook godsdienstig weerbaar moes wees. Hy het gemeen dat Suid-Afrikaners hulleself moes afvra of hulle bereid was om opofferings te maak .[13]

Die Republiekfees van 1981 is landwyd as 'n groot gebeurtenis gevier. Die groot klem wat tydens die verrigtinge van 1981 op die weermag geplaas is, was omdat die geleentheid as gunstig vir magsvertoon beskou is en om aan

---

[10] Anon, "Landsvlag is beeld van krag sê prof", in *Vaalweekblad*, 02.06.1978.

[11] Anon, "SA moet alles inspan om te oorleef", in *Vaalweekblad*, 08.06.1978.

[12] Anon, "Luiheid, modes teen SA ingespan", in *Vaalweekblad*, 16.10.1979.

[13] Anon, "Tyd het gekom vir offergawes", in *Vaalweekblad*, 18.12.1979.

die wêreld te toon dat Suid-Afrika slagvaardig was.[14] Alhoewel die gebeurtenis as 'n groot nasionale fees in Durban gevier is, het elke streek ook sy eie vieringe gehad. Die minister van staatsadministrasie en statistiek, dr A.P. Treurnicht, het op Republiekdag op Parys as spreker opgetree. Hy het onder meer gevra hoe veilig Suid-Afrika was en of dit net 'n kwessie van tyd was voordat Suid-Afrika deur die Rooi vloed oorstroom sou word.[15]

Die minister van verdediging, genl. Magnus Malan, het op 26 Mei 1984 op Sasolburg gewaarsku dat die *African National Congress* (ANC) sou probeer om sy binnelandse aanslag te verskerp ten einde politieke veranderinge teweeg te bring.[16] Hy het gemaan dat oorlog nie slegs as die besigheid van soldate en politici beskou moes word nie, omdat 'n totale aanslag met alle middele teen Suid-Afrika gevoer is.[17]

## 5.3 DIE ROL VAN VERSKILLENDE ORGANISASIES

Tydens byeenkomste van organisasies is 'n meer eksklusiewe gehoor benader. Lede van die organisasies was dikwels leiers binne die Afrikaner-kultuurverband.

### 5.3.1 DIE RAPPORTRYERS

Verskillende takke van die Rapportryers is dikwels deur verskillende sprekers oor die veiligheidskwessie toegespreek. Skrywes van hoofkantoor aan takke

---

[14] Militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek (MAV), Onderhoude gevoer deur skrywer, p. 19, 06071999, Malan, M. de M., (69) Pretoria.

[15] Anon, "Ons sal nie 'n eerlose uitweg kies nie, sê dr. Treurnicht", in *Vaalweekblad*, 26.05.1981.

[16] Direktoraat Dokumentasie Diens van die SANW (DDD), Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Regiment Sasolburg: Volume 2, Toespraak deur genl Magnus Malan: Republiekfeesviering Sasolburg: 26 Mei 1984, p. 10.

[17] Vgl. DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Regiment Sasolburg: Volume 2, Toespraak deur genl. Magnus Malan: Republiekfeesviering Sasolburg: 26 Mei 1984, p. 7.

het gevra dat aan veiligheidskwessies aandag gegee moes word.[18] Sommige weermag- en polisie-offisiere was ook lede van die Rapportryers. Kol. Frans van den Berg, bevelvoerder van Groep 17, het in sy hoedanigheid as voorsitter van die Vereeniging-tak ook die fasiliteite van die basis aan die Rapportryers beskikbaar gestel.[19]

Tydens 'n toespraak van dr. A. P. van Rensburg van die Universiteit van Pretoria op 'n vergadering van die Rapportryers van Vanderbijlpark in Mei 1976, het hy daarna verwys dat die gebeure van 1974 'n kentering in Afrika laat plaasvind het. Volgens hom het dr. Kaunda van Zambië 'n temperende invloed op ander politieke leiers in Afrika gehad en het die pad na die hart van Afrika deur Lusaka geloop. Die inmenging van die VSA en die USSR in die Angolese kwessie is gesien as 'n poging tot nieu-kolonialisme.[20]

Kmdt. F.S. Mulder het tydens 'n byeenkoms van die Rapportryers van Taaibos in November 1975 gemeen dat elke huis waar daar 'n gesonde man was, ook by die weermag betrek was. Hy het ook gemeen dat soldate grensdiens moes doen omdat die vyand die volk daartoe dwing. Hy het gesê dat mense dikwels sing "ons sal offer wat jy vra..." maar gevra of hulle dit opreg bedoel het. Volgens hom is 'n senutergende guerillastryd gevoer. Hy het sy toespraak afgesluit deur te sê dat dit die moeder was wat haar seun moes inspireer om sy land te bemin en lojaal en getrou tot die dood te wees.[21]

Die bevelvoerder van die Kommandement OVS, brig. M. J. du Plessis, het die Rapportryers van Kragbron in November 1976 toegespreek. Brigadier Du Plessis het gesê dat die aanslae teen Suidwes-Afrika (SWA) sou toeneem en dat die rede vir die teenwoordigheid van Suid-Afrikaanse soldate in die gebied was om aan die Turnhalle-beraad die geleentheid te bied om tot sy volle konsekwensies te ontwikkel en om aan die inwoners van Suidwes-Afrika die

---

[18] MAV, p. 211. 24112000, Olivier, M., (63) Vereeniging.

[19] MAV, p. 188. 13072000, Van den Berg, F.J., (54) Falconridge; Vgl. ook Anon, "Groep 17 bou beeld", in *Vaal Ster*, 19-23.11.1990.

[20] Anon, "SA het oplossing vir Afrika se probleme", in *Vaalweekblad*, 04.06.1976.

[21] Anon, "Grensstryd: Weermag in elke huis gebring", in *Vaalweekblad*, 05.12.1975.

geleentheid te bied om tot 'n nuwe nasie te ontwikkel.[22] Daar is vir die toekoms van Suid-Afrika geveg en daarom was dit nodig dat Suid-Afrikaners grensdiens verrig het. Dit was uiters belangrik dat Suid-Afrikaners paraat moes wees en dit was die plig van elke weerbare man om deel aan die landsverdediging te hê.[23]

Heinz Lass van die Sentrum vir Internasionale Politiek op Potchefstroom het Vaaldriehoekse Rapportryers 'n paar keer toegespreek. Hy het in Maart 1978 aan die Junior Rapportryers op Vanderbijlpark verduidelik dat die oorlog teen Suid-Afrika op verskillende vlakke, naamlik die militêre, politieke, ekonomiese, sielkundige, kulturele en die semantiese, gevoer is. Die aanslae moes deur 'n absolute graad van paraatheid teengestaan word, daarom was 'n volksleër nodig sodat niemand die Suid-Afrikaanse volk kon verdryf nie.[24]

Lass het die Junior Rapportryers van Sasolburg in April die volgende jaar oor rewolusionêre oorlogvoering toegespreek. Hy het benadruk dat mense alleen paraat kon wees, indien die wil bestaan het om te wen en mense oor genoegsame kennis ten opsigte van die vyand se strategiese oogmerke beskik.[25] Lass wat as gasspreker tydens 'n maandvergadering van die Rapportryers van Kragbron twee maande later opgetree het, het ook gemeen dat nêrens in die wêreld 'n totale moderne oorlog so duidelik as juis in Suid-Afrika te onderskei was nie.[26]

Politieke leiers het ook Vaaldriehoekse Rapportryers toegespreek. Die minister van samewerking en ontwikkeling, dr. Piet Koornhof, het tydens 'n byeenkoms van die Rapportryers op Sasolburg in September 1979 oor die

---

[22] Anon, "Elke weerbare man moet SA help verdedig, sê brigadier", in *Vaalweekblad*, 03.12.1976.Vgl. ook Anon, "Protection in South West", Transvaler 25.01.1978 in *SA Digest*, 27.01.1978, p. 22.

[23] Anon, "Elke weerbare man moet SA help verdedig, sê brigadier", in *Vaalweekblad*, 03.12.1976.

[24] Anon, "Oorlog op 8 vlakke teen SA gevoer", in *Vaalweekblad*, 10.03.1978.

[25] Anon, "Terroriste kry te veel publisiteit", in *Vaalweekblad*, 04.05.1979; Vgl. H. R. Lass, *Die grondleggers van rewolusionêre oorlogvoering* (Potchefstroom, Sentrum vir Internasionale Politiek PU vir CHO, 1975), p. 168.

[26] Anon, "Totale aanslag teen die Republiek", in *Vaalweekblad*, 19.06.1979.



Illus. 38: Ds. Mossie van den Bergh het die Nellie Swart Klub van Vereeniging toegespreek oor die vrou se bydrae tot paraatheid en moreel in die Weermag. Vlnr. Mev. Sarina Labuschagne, mev. Debbie Botha, ds. Mossie van den Bergh en mev. Marike de Klerk.

Bron: Anon, "Briewe meer welkom as kos op grens", in *Vaalweekblad*, 18.06.1976.



Illus. 39: Die Vroueaksie van die kiesafdeling Overvaal het 'n noenmaal ten bate van soldate op die grens aangebied. Mev. Elize Botha was die gasspreker en het op die aanslag klem gelê

Bron: Anon, "Mev. Elize Botha op Vanderbijlpark: Pak uitdagings met toewyding aan", in *Vaalweekblad*, 19.08.1980.

'aanslag' gesê dat mense nie bang moes wees nie, maar realisties moes wees en dat die gevaarlikste plek nie op die grens was nie, maar 'hier'.[27] In sy boodskap tydens die afskeidsfunksie van die Rapportryers op Kragbron in November 1979, het dr. D. G. van der Merwe gemeen dat Suid-Afrika op sy hoede moes wees met tienduisende kommuniste op sy drumpel. Volgens hom was dit 'n oormag wat stadig besig was om in te sypel. Die kommuniste sou ook op verskillende wyses te werk gaan om hulle stempel op die Christendom af te druk. Volgens dr. Van der Merwe kon die insypeling slegs teengewerk word as die jeug op die aanslae van die kommuniste voorbereid was.[28]

### 5.3.2 VROUE-ORGANISASIES

Offisiere en eggenotes van offisiere en ministers het vergaderings en funksies van verskillende vroue-organisasies in die Vaaldriehoek toegespreek. Die vrou as moeder en ondersteuner het 'n belangrike rol gespeel om haar gesin oor die aanslag in te lig en haar man te ondersteun.[29]

Ds. Mossie van den Bergh het in Junie 1976 oor die oorlog teen Suid-Afrika by die Nellie Swart klub gepraat. Volgens hom het die land hom midde-in 'n werklike oorlog bevind en was die oorlog net so 'n volskaalse oorlog soos 'n konvensionele oorlog. Hy het onder meer gesê:

> Die terroriste soek ons bloed. Hulle is van plan om die hele Suid-Afrika uit te wis en ontsien nie vrou of kind nie. Dit is in ons almal se belang dat die manne op die grens hulle keer voordat daar 'n bloedbad in die strate van Vereeniging is.

Volgens ds. Van den Bergh was die drie maande grensdiens vir die doelbewuste man slegs 'n voortsetting van die stryd wat hy tuis voer.[30]

Ds. Van den Bergh het toe hy die Vanderbijlparkse Dameskring in Maart 1977 toegespreek het, gewaarsku dat elke keer wanneer 'n blanke Christen die

[27] Anon, "Suid-Afrikaners moet ophou kla, sê minister", in *Vaalweekblad*, 28.09.1979.

[28] Anon, "Waarskuwings teen kommuniste", in *Vaalweekblad*, 30.11.1979.

[29] Vgl. MAV, p. 225. 12122000, Steyn, J.A., (61) Pretoria.

[30] Anon, "Briewe welkom op grens", in *Vaalweekblad*, 18.06.1976.

slagoffer van die 'liberalistiese losbandige lewenshouding' word, die Republiek 'n neerlaag teen die vyand gely het. Hy het genoem dat die militêre aandeel in die aanslag teen die land slegs 17 persent van die 'totale omvattende aanslag' was. Hy het gemaan dat indien daar 'n verslapping sou wees in die toewyding waarmee die soldate grens toe gaan, daar uiteindelik stedelike terrorisme sou wees. Die vyand het hom ook op 'n lae-intensiteitsoorlog toegespits omdat hy geweet het dat dat hy in 'n konvensionele oorlog deur die Suid-Afrikaanse magte uitmekaar geskeur sou word.[31]

Die eerste minister se eggenote, mev. Elize Botha, het in Augustus 1980 die Vroueaksie van die Overvaalse Kiesafdeling tydens 'n noenmaal toegespreek. Die geleentheid was 'n poging om geskenkpakkies vir die soldate op die grens in te samel. Sy het daarop gewys dat verdediging nie net die taak vir die man in uniform was nie, maar van elke burger in Suid-Afrika.[32]

Heinz Lass van die PU vir CHO, het in Augustus 1980 die Jong Dames Dinamiek van Vanderbijlpark meer van rewolusionêre oorlog-voering vertel. Hy het gemeen dat ten einde te voorkom dat Suid-Afrika dieselfde pad as Zimbabwe en Angola loop, dit noodsaaklik sou wees om aan die inwoners van Suid-Afrika die regte vyand uit te wys. Volgens Lass was dit opvallend dat min mense van die bedreiging geweet het en dat dit nie bekostig kon word om onbetrokke te wees nie, omdat dit oor die behoud van die Afrikaner en sy kultuur gegaan het. Strategie het nie net op die militêre konflik betrekking gehad nie, maar op alle terreine en nie-militêre middele moes dus ook in die stryd aangewend word. Die skade van 'n rewolusionêre oorlog sou ondenkbaar wees.[33] Lede van die Jong Dames Dinamiek (JDD) van Vanderbijlpark is in September 1981 deur die militêre kapelaan van Potchefstroom, ds. Kobus Mulder, oor die stryd toegespreek. Hy het gesê dat

---

[31] Anon, "Wapenstryd een vyfde van aanslag", in *Vaalweekblad*, 11.03.1977.

[32] Anon, "Mev. Elize Botha op Vanderbijlpark: Pak uitdagings met toewyding aan", *Vaalweekblad*, 19.08.1980.

[33] Anon, "Kenner oor rewolusionêre oorlog: Raak betrokke vir die behoud van die Afrikaner", in *Vaalweekblad*, 22.08.1980.

die kommuniste skynbaar onskuldige simbole gebruik om 'n ondermynende boodskap uit te dra.[34]

Die bevelvoerder van die Vanderbijlpark Kommando, kmdt. Ben Schempers, het tydens 'n vergadering van die Dames Aktueel in Augustus 1982 by die Laerskool Voorslag daarop gewys dat die 'aanslag' al groter geword het. Die aanslag was beide rewolusionêr en konvensioneel. Van die tegnieke wat deur die kommuniste gebruik is, was beheer oor vakbonde, infiltrasie in verskeie organisasies, binnelandse onrusstoking en dade van terreur.[35]

Die hoof van die veiligheidspolisie in die Vaaldriehoek, lt. kol. J. A. Steyn, het tydens 'n byeenkoms van die JDD in September 1982 op Vanderbijlpark gesê dat Suid-Afrika teen die einde van 1961 van die bedreigings wat terrorisme ingehou het, bewus geword het. Die doelwit van *Umkhonto we Sizwe* (MK) was om aanvalle op strategiese plekke, soos geboue en nywerhede te doen, om die bevolking polities te stimuleer, om terrorisme te steun en om terroriste te werf. Die doel van die aanslae was om paniek te saai en om wanorde te skep. Ander metodes wat gebruik is, was anti-Suid-Afrikaanse konferensies by die Organisasie vir Afrika Eenheid (OAE) en die Verenigde Nasies (VN), sanksies, infiltrering van werksunies, ondermyning van sedes en die stook van geweld tussen verskillende klasse. Volgens lt. kol. Steyn het die terroriste besef dat Suid-Afrika nie militêr verslaan kon word nie en dat die stryd uitgerek moes word. Hy het klem daarop gelê dat die totale aanslag deur middel van 'n totale weerstand beveg moes word.[36]

Majoor M. Elema het in Maart 1983 in haar toespraak voor die Dames Aktueel van Vanderbijlpark na die aanslag teen die land verwys. Sy het gesê dat gepoog is om die land op alle terreine so te verswak dat militêre oorname deur kommunistiese magte slegs 'n formaliteit sou wees. Die einddoel van

---

[34] Anon, "Onskuldige teikens – die kommunis se wapen" in *Vaalweekblad*, 11.09.1981.

[35] Anon, "Militêre diensplig is noodsaaklik", in *Vaalweekblad*, 27.08.1982.

[36] Anon, "Jong Dames Dinamiek: Terroriste se metodes", in *Vaalweekblad*, 10.09.1982; Vgl. MAV, p. 225. 12122000, Steyn, J.A., (61) Pretoria.

Rusland was Suid-Afrika, vanweë die land se geografiese ligging en sy strategiese minerale.[37]

Die eggenote van genl. Magnus Malan, mev. Margo Malan, het gedurende September 1983 die Vroueaksie van die NP in Transvaal tydens 'n teeparty ten bate van die soldate op die grens toegespreek. Sy het daarna verwys dat Suid-Afrika in daardie stadium reeds vir 17 jaar in 'n terroriste-oorlog betrokke was, en dat die bedreiging nie net militêr nie, maar ook ekonomies, psigologies en polities was.[38] Gedurende November 1983 het kol. H. Smith van die weermag se kapelaansdiens, die Ester-gebedsgroep op Vanderbijlpark oor die geestelike weerbaarheid van Suid-Afrika se soldate toegespreek. Die konflik wat die land beleef het, was 'n manifestasie van 'n groter stryd tussen die magte van die bose en die mag van die Lig. Hy het die volgende gesê:

> Dit is so dat 'n land goeie wapentuig moet hê om oorlog te kan voer, maar die wete dat God aan jou kant is, is die enigste ondersteuning wat oorwinning kan verseker.[39]

Kaptein Theuns Steyn van die veiligheidspolisie in Vereeniging het in Februarie 1984 oor terrorisme met die Damesteeklub van die polisie gepraat. Hy het na die belangrikheid van propaganda vir terroriste verwys. Hy het ook gesê dat terroriste vrees wou skep en gesag wou aftakel. Vroue is aangemoedig om paraat te wees en om organisasies soos die Suiderkruisfonds en die Geriewefonds van die polisie te ondersteun.[40]

Die adjunk-direkteur: nasionale simbole, Albertus Myburg, het op 'n vergadering van Dames Aktueel op Vanderbijlpark in Junie 1989 gevra waarom die nasionale vlag nie ook op die uniform van Suid-Afrikaanse

---

[37] Anon, "Vroueblad: Wees trots op vegtende man", in *Vaalweekblad*, 15.03.1983.

[38] Anon, "Diensplig verryk ons seuns", in *Vaalweekblad*, 30.09.1983.

[39] Anon, "Oorlog op die grens is oorwinningstryd", in *Vaalweekblad*, 29.11.1983.

[40] Anon, "Polisie se vroue hoor van terreur", in *Vaalweekblad*, 09.03.1984; Sien ook hoofstuk 11, die Suiderkruis fonds.



Illus. 40: Lt. kol. J. A. Steyn het die Drie Riviere tak van die Vroue Landbou-unie oor terrorisme toegespreek. Vlnr. Mev. June de Bruyn (gasvrou), lt. kol. J. A. Steyn (hoof van die veiligheidspolisie in die Vaaldriehoek) en mev. Anette Senekal (voorsitter).

Bron: Anon, "Hy ken terrrorisme deur en deur", in *Vaalweekblad*, 02.02.1982.

soldate pryk nie.[41] Die hoof van die beskermingsdienste op Vanderbijlpark, Rudi Klopper, het tydens 'n byeenkoms van Dames Aktueel op Vanderbijlpark in Augustus 1989 daarop gewys dat oorloë toenemend teen burgerlikes gerig is en dat die paraatheid van burgerlikes dus al hoe belangriker geword het.[42]

### 5.3.3 LANDBOU-ORGANISASIES

Die bevelvoerder van die Vereeniging Kommando, kmdt. Pikkie van Niekerk, het in Januarie 1975 die Drie Riviere tak van die Transvaalse Vroue-Landbou-unie (TVLU) oor terrorisme in die saal van die Laerskool Drie Riviere toegespreek. Hy het gemeen dat terwyl terrorisme al nader gekruip het, te veel mense onverskillig daarteenoor gestaan het.[43] Dit was die strategie van China en Rusland om Afrika teen Suid-Afrika op te sweep en die OAE se doelstelling om Suid-Afrika tot 'n val te bring.[44] Tydens 'n byeenkoms van die TVLU in Desember 1977 het kol. F. S. Mulder gemeen dat paraatheid aan moedersknie geleer word en dat die moeder haar kind leer om in sy God te glo en dat dit ook sy is wat haar kind dissiplineer.[45]

Die Suid-Transvaal streek van die Transvaalse Landbou-unie (TLU) het aan die einde van Februarie 1979 'n somerskool by die Holiday Inn op Vanderbijlpark gehou. Die gasspreker was die moderator van die Wes-Transvaalse Sinode van die NG kerk, dr. Pierre Rossouw. Die tema was 'besin'. Die kommunisme is as die groot vyand uitgelig en die verweer daarteen is as drieledig geïdentifiseer, naamlik militêr, sedelik en gods-dienstig.[46] Tydens die amptelike opening van die Suid-Transvaalse kongres van die TVLU aan die einde van Februarie 1979 op Vanderbijlpark, het F. W. de Klerk beklemtoon dat daar op feitlik elke gebied 'n aanslag teen Suid-

---

[41] Anon, "Maak landsvlag deel van lewe", in *Vaal Ster*, 12-16.06.1989.

[42] Anon, "Wees al hoe meer paraat, hoor vroue", in *Vaal Ster*, 25-29.08.1986.

[43] Anon, "Cmdt. Pikkie van Niekerk gave a talk on terrorism at the Three Rivers Womens' Agricultural Society's first meeting", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 31.01.1976; Anon, "Don't be complacent agricultural society is told", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 31.01.1975.

[44] Anon, "Mense in SA is te gerus, waarsku kommandohoof", in *Vaalweekblad*, 31.01.1975.

[45] Anon, "Paraatheid word geleer aan moedersknie", in *Vaalweekblad*, 02.12.1977.

[46] Anon, "Slegs kruis sal hamer en sekel oorwin", in *Vaalweekblad*, 02.03.1979.

Afrika gevoer is. Hy het ook gesê dat die regering 'n titaniese stryd veg om die Weste wakker te skud en tot insig te bring. Hy was egter van mening dat die sterkste wapen die wil was om te wen.[47]

'n Senior navorser verbonde aan die Instituut van Amerikaanse Studies by die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU), P. Liebenberg, het die Drie Riviere-tak van die TVLU gedurende Junie 1980 oor die invloed van die omliggende Marxistiese buurstate op Suid- en Suider-Afrika toegespreek. Daar is na die voorval by die Volkskas bank in Silverton, die bomontploffing by die Booysens-polisiestasie en die aanslag op SASOL verwys en die gevolgtrekking is gemaak dat die stryd reeds in 'n gevorderde stadium was. Die mening is uitgespreek dat geen volk of individu slegs ter wille van homself mag bestaan nie. Die détente-pogings wat destyds aan die gang was, is ook slegs as 'n slim instrument in die hande van die Russe gesien.[48]

Tydens 'n byeenkoms van die Drie Riviere-tak van die TVLU het die hoof van die veiligheidspolisie in Vereeniging, lt. kol. J. A. Steyn, gesê dat die terroriste-aanslag teen die land vanuit Maputo beplan en beheer is en dat die hoofdoel daarvan 'n senu-oorlog teen die gemeenskap was.[49] Die Arconpark-tak van die TVLU is in Augustus 1982 deur die eggenote van die hoof van die lugmag, mev. Katie Muller, oor die belangrikheid van die vrou in die verdedigingspoging toegespreek.

### 5.3.4 SAKE-ORGANISASIES

Tydens byeenkomste van sake-organisasies is mense oor landsveiligheid ingelig terwyl daar ook daarop gewys is dat stabiliteit in die Vaaldriehoek 'n invloed op landsveiligheid kon hê. Professor Hennie Weber het in Julie 1976 die Sasolburgse Sakekamer toegespreek. Hy het daarop gewys dat militêre bedrywighede op die grens 'n negatiewe invloed op die ekonomie gehad het

---

[47] Anon, "Raak betrokke vra Minister", in *Vaalweekblad*, 06.04.1979.

[48] Anon, "Kenner waarsku teen Russe se oënskynlike soeke na vrede", in *Vaalweekblad*, 03.09.1982.

[49] Anon, "Hy ken terroriste deur en deur", in *Vaalweekblad*, 02.02.1982.

deurdat veral mannekrag beïnvloed is.[50] Die Sasolburgse Sakekamer het op sy eerste bestuursvergadering van 1977 besluit dat die tema vir daardie jaar 'aanpassing' sou wees. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat verskeie aanpassings gemaak moes word ten opsigte van die kulturele lewe, politieke situasie, verdedigingsituasie, lewenspeil en nywerheidsposisie. Die hoop is ook uitgespreek dat aanpassing en weerbaarheid sal kom, voordat oorlewing die enigste uitweg vir die land sou wees.[51]

F. W. de Klerk het tydens die jaardinee van die Vaal-nywerhedevereniging in November 1977 in Vereeniging gemeen dat terrorisme en geweld in ander lande ook voorkom en het onder meer die volgende gesê:

> Die probleme wat in Suid-Afrika deur ons vyande aan ons voorgehou word tot ondermyning van ons wil om te wen, bestaan in minder of meerdere mate ook elders... Dit is deel van die strategie teen Suid-Afrika dat 'n skuldige gewete by ons gekweek moet word... .[52]

Die LV van Parys, dr. W. D. Kotze, het in September 1978 aan die Afrikaanse Sakekamer van Parys gesê dat Suid-Afrika sanksies moes vermy. Die boodskap is as 'n waarskuwing gerig na aanleiding van die internasionale vyandigheid teen die land wat weerspieël is in die vorm van 'n afname in buitelandse beleggings, dreigemente van sanksies en steun aan terroristebedrywighede.[53] F. W. de Klerk het in sy toespraak voor die Sasolburgse Afrikaanse Sakekamer in September 1978 gesê dat die doelwit 'n sterk Suid-Afrika moes wees.[54]

Die tema van die streekskonferensie van die Suid-Transvaalstreek van die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) wat op 13 September 1979 op Sasolburg

---

[50] Anon, "Kenner verwag nog probleme vir SA-ekonomie", in *Vaalweekblad*, 06.08.1976.

[51] Anon, "Dis 'n aanpassingsjaar sê sakekamer", in *Vaalweekblad*, 01.04.1977.

[52] Anon, "S.A. se vyande het balk in eie oog", in *Vaalweekblad*, 25.11.1977.

[53] Anon, "Sanksies teen S.A. kom sê LV", in *Vaalweekblad*, 08.09.1978.

[54] Anon, "S.A. moet wys hy het regte resep", in *Vaalweekblad*, 15.09.1978.

gehou is, was ekonomiese weerbaarheid.[55] Die hoofwerkebestuurder van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie (ISCOR), John Ridell het op 'n simposium in Mei 1980 met die tema 'die Vaaldriehoek in die dekade', gesê dat ekonomiese stabiliteit onontbeerlik is vir die voortgesette welsyn en veiligheid van die land.[56]

Die president van die Nasionale Instituut vir Metallurgie, dr. L. Alberts, het 'n jeugsimposium toegespreek wat aan die einde van Augustus 1981 deur die Sasolburgse Afrikaanse Sakekamer gereël is, en gesê dat paraatheid op alle gebiede belangrik was.[57] Die minister van mannekragbenutting, Fanie Botha, het in Mei 1982 aan vakbondleiers op Vanderbilpark gesê dat stabiliteit, arbeidsvrede en opleiding die pilare moes wees waarop die toekoms gebou moes word.[58] Die minister van buitelandse sake van Bophuthatswana, Rowen Cronje, het in September 1976 aan die Afrikaanse Sakekamer in Vereeniging gesê dat politiek en die ekonomie nie geskei kan word nie.[59]

### 5.3.5 POLITIEKE VERGADERINGS

'n Kenner op die gebied van terrorisme, lt. kol. P.W. du Plooy, het op 10 Maart 1975 die publiek tydens 'n vergadering van die Nasionale Jeugtak in die saal van die Hoërskool Drie Riviere oor terrorisme en kommunisme toegespreek.[60] Die administrateur van die Vrystaat, C. van Wyk, het in sy toespraak tydens die amptelike opening van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse Aangeleenthede (SABRA) se kongres in September 1975 aan Vrystaatse hoërskoolleerlinge gesê dat Suid-Afrika met sy klein blanke bevolking die

---

[55] Anon, "Streekkonferensie: bespreek ekonomiese weerbaarheid", in *Vaalweekblad,* 11.09.1979; Vgl. ook Anon, "Defence chief asks for total dedication", *Paratus*, 29(1), Januarie 1978, p. 8.

[56] Anon, "Tekort aan geskoolde arbeid kan vooruitgang kortwiek", in *Vaalweekblad*, 30.05.1980.

[57] Anon, "Geestelike paraatheid nodig vir bestaan", *Vaalweekblad*, 04.09.1981.

[58] Anon, "Kommentaar: Voorspoed sal hoë eise stel", in *Vaalweekblad*, 21.05.1982.

[59] Anon, "Kenner praat op Vereeniging: Ekonomie en politiek is onskeibaar", in *Vaalweekblad*, 11.12.1984.

[60] Anon, "Kenner praat hier oor terrorisme", in *Vaalweekblad*, 07.03.1975.

enigste land was wat die gelykstellingsleer van die kommunisme kon deurskou.[61]

Die minister van inligting, dr. Connie Mulder, het tydens 'n Stryddag van die NP in die saal van die Laerskool Unitaspark in September 1976 mense na aanleiding van die Soweto-opstande tot kalmte gemaan en gesê:

> Ons leef in ernstige tye - nie krisistye nie.

Hy het gemeen dat daar moeilike tye was, veral as gevolg van die ontwaking van swart nasionalisme. Die opstande in stedelike gebiede is as opstokery gesien, en dr. Mulder het gewaarsku dat die regering se geduld tot 'n einde kon kom. Hy het verder gemeen dat:

> As Suid-Afrika gevat moet word, die vyande vir hom sal moet veg.[62]

Die minister van buitelandse sake, R. F. (Pik) Botha, het tydens 'n vergadering in die stadsaal van Vereeniging in Oktober 1979 gemeen dat Amerika dit sou verkies dat alle blanke regerings in Suider-Afrika uitgewis moes word en verder onder meer die volgende gesê:

> Nog nooit was die aanslag teen 'n klein volkie so gesofistikeerd soos die aanslag teen Suid-Afrika nie. Nog nooit was die slagordes en hordes so teen ons opgestel nie. Nog nooit is so na ons bloed en ondergang gesoek soos nou nie. Maar die haat en nyd en motivering teen ons kan nooit die intensiteit en die kwaliteit van ons wil om hulle te weerstaan, oortref nie... Ek is nie bereid om te onderhandel oor die vernietiging van ons volk nie...[63]

Kort daarna, vroeg in Oktober 1979, het Pik Botha op Vanderbijlpark gesê dat hy die indruk gekry het dat mense nie verontrus was oor die dinge wat gebeur het nie. Hy het gewaarsku dat 'n inval van Russies gesteunde magte in die

---

[61] Anon, "Kommunisme kan S.A. nie vergewe nie", in *Vaalweekblad*, 03.10.1975.

[62] Anon, "Paniekerigheid is onnodig sê min. Mulder", in *Vaalweekblad*, 01.10.1976.

[63] Anon, "Amerika verkies swart regering in S.A.", in *Vaalweekblad*, 21.10.1979; Vgl. ook Anon, "We'll fight like animals – Pik Botha", in *The Cronicle*, 12.10.77.

buurstate die Suid-Afrikaanse ekonomie kon verlam en gesê:

> As die regering van biskop Muzerewa in Rhodesië val, is die terroriste by Beitbrug.[64]

Die minister van justisie en binnelandse sake, Alwyn Schlebusch, het reeds in November 1979 op Parys oor moontlike binnelandse onrus gewaarsku. Hy het gesê dat Suid-Afrika moes oppas om nie 'n tweede Iran te word nie omdat daar in die land, nieteenstaande sy rykdomme, nog altyd mense was wat onderdruk is.[65]

Die LV vir Vanderbijlpark, dr. Gerrit Viljoen, het in September 1980 op Vanderbijlpark na aanleding van die woorde "Ons sal lewe - Ons sal sterwe - Ons vir jou Suid-Afrika" gesê dat 'n mens wel moet sterf as dit nodig is, maar primêr vir Suid-Afrika moes lewe. Hy het ook gemaan dat daar nie net by fisiese oorlewing volstaan moes word nie, maar dat geestelike oorlewing ook baie belangrik was en gesê:

> Militêre mag en militêre paraatheid en politieke beheer oor ons toekomstige lotsbestemming, hoe belangrik dit ook al mag wees, is nie voldoende vir die oorlewing van ons nasionalisme nie.[66]

### 5.3.6 ANDER GELEENTHEDE

Die distrikskommandant van die polisie in Vereeniging, kol. Johannes Bender, het in Oktober 1974 tydens 'n formele militêre ete, na aanleiding van die gebeure in Mosambiek, gemeen dat daar geen rede was om te vermoed dat die binnelandse veiligheid van Suid-Afrika in gevaar was nie.[67] Die eerste sekuriteitsaand wat in die Vaaldriehoek gehou is, het op 18 November 1976 in die ISCOR-klub plaasgevind om mense van misdaad en brandgevaar bewus te maak.[68]

---

[64] Anon, "Kommentaar: Kibbel ons terwyl Rome brand", in *Vaalweekblad*, 12.10.1979.

[65] Anon, "S.A. kan 2de Iran word, sê minister", in *Vaalweekblad*, 13.11.1979.

[66] Anon, "Viljoen voel trots", in *Vaalweekblad*, 07.10.1980.

[67] Anon, "Terrorism is 'no cause for fear' ", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 18.10.1974.

[68] Anon, "Wenke om misdaad, vuur, te bekamp", in *Vaalweekblad*, 05.11.1976.

Die direkteur van die weermag se sielkundige dienste, kol. J. H. de la Rey, het die Vaaldriehoekse tak van die Sielkundige Instituut van Suid-Afrika in Julie 1977 op Sasolburg toegespreek. Hy het daarop gewys dat ouers 'n groot rol daarin kon speel om hulle kinders paraat te maak sodat hulle by 'n volksweermag kon inskakel.[69]

Tydens die toekenning van die vryheid van die reg van toegang deur Sasolburg aan die twee kommando's van dié dorp in Augustus 1979, is daar gesê dat die bestaan van kommando's en burgermageenhede saamgehang het met vrywillige opoffering van talle mense se tyd. Daar word hulde vir daardie opofferinge gebring wanneer die reg van vrye toegang verleen word. Daar is gemeen dat mense hulle eie tyd opoffer sodat die dorp veilig kon wees en dat mense rustig kon slaap.[70] In September 1979 het die minister van verdediging, P. W. Botha, tydens die amptelike opening van die nuwe hoofkwartier van die Vanderbijlpark Kommando gesê dat Suid-Afrika 'n teiken van 'n gewelddadige aanslag geword het.[71]

Die direkteur van telekommunikasie van die weermag, brig. M. C. Botha, het aan die begin van Desember 1979 'n tentoonstelling van telekommunikasietoerusting op Sasolburg geopen. In sy openingstoespraak het brig. Botha gesê dat Suid-Afrika al vir tien jaar lank toenemend van die belangrikheid van telekommunikasie bewus geword het, vanweë die totale oorlog waarin die land gewikkel was. Die mobilisering van die massasteun op alle terreine van die samelewing het die kernvereiste gevorm en hy het die saak verder soos volg gestel:

> Die kant wat sy saak die beste kan kommunikeer om daardeur al die dwangmiddels tot sy beskikking effektief te kan aanwend – dit is die kant wat die volksoorlog gaan wen.[72]

---

[69] Anon, "Diensplig: ouers kan help om jeug paraat te kry" in *Vaalweekblad*, 29.07.1977; Sien ook hoofstuk 10, diensplig en die Vaaldriehoek.

[70] Anon, "Kommentaar: Opoffering", in *Vaalweekblad*, 14.08.1979.

[71] Anon, "Total effort needed, says PW Botha', in *Forces News*, *Citizen*, 18.09.1978.

[72] Anon, "Goeie kommunikasie kan volksoorlog wen, sê brigadier", in *Vaalweekblad*, 13.12.1979; Sien ook hoofstuk 9, burgerlike beskerming in Sasolburg.

Een van die direkteure van die Nasionale Sekuriteitsbedryf in Pretoria, kmdt. Bertus Peters, het op 2 Augustus 1981 tydens 'n sekuriteit-seminaar in Vereeniging 'n referaat gelewer.[73] Hy het gesê dat die private sektor die staat binne die veiligheidskonteks moes bystaan omdat daar pogings van die vyand was om agente in strategiese posisies te plaas. Veiligheid was 'n volkstaak en nie net die taak van die gewapende magte nie.[74] Op die halfdagseminaar van die Vaal tak van die Sekuriteitsvereniging van Suid-Afrika in Julie 1983, is gemeen dat die Vaaldriehoek met sy strategiese en noodsaaklike nywerhede en handelsondernemings ook die teiken van vyandelike aanslae kon word.[75] Die Vaal tak het gedurende Augustus 1983 'n seminaar in Vereeniging aangebied, as gevolg van die Pretoria-bom-ontploffing. Hiertydens is ook daarna verwys dat die man op straat al hoe meer by stedelike terrorisme betrek is.[76]

Tydens 'n leierskapsdag wat by Regiment Vanderbijlpark in April 1988 gehou is, het die kapelaan van die Kommandement Witwatersrand, ds. Johan Lindeque, gemeen dat die kerk een van die belangrikste mediums was wat deur die kommuniste vir die bevordering van hulle ideologie gebruik word. Hy het ook gesê dat die ANC 'n fonds gestig het om, indien hulle aan die bewind sou kom, 'n verdraaide teologie te bevorder.[77]

'n Verkenningsoldaat, maj. Wynand du Toit, wat in 1985 tydens 'n spesiale operasie in Angola gewond en gevange geneem is, het na sy vrylating verskillende gemeentes landwyd toegespreek oor die gevare van die bevrydingsteologie en die Kubaanse bedreiging in Angola. Hy het op 6 Augustus 1989 saam met sy eertydse bevelvoerder, kol. Frans Botes, in die NG gemeente Arconpark in Vereeniging opgetree. Dié optredes van majoor

---

[73] Anon, "Sekuriteitsopleiding nie voldoende sê kenner", in *Vaalweekblad*, 04.08.1981.

[74] Anon, "Sekerheidsopleiding nie voldoende sê kenner", in *Vaalweekblad*, 04.08.1981.

[75] Anon, "Toegangsbeheer essensieel vir sekuriteit", in *Vaalweekblad*, 12.07.1983.

[76] Anon, "Soeklig op sekuriteit en toegangsbeheer", in *Vaalweekblad*, 30.08.1983.

[77] Anon, "Kommuniste gebruik kerk as medium", in *Vaalweekblad*, 08.04.1988.

Du Toit was deel van die teenpropagandapoging van die weermag. [78]

In 'n artikel in die *Vaalweekblad* oor 'n Russiese vragvliegtuig wat op die Vereenigingse lughawe gestaan het, kon daar teen 1992, tong in die kies, gesê word:

> Suid-Afrika se ergste vrese is bewaarheid! Die Russe het geland ...[79]

Daar was allerhande bewering in omloop dat die vliegtuig snags wapentuig en voorraad na die *Uniao Nacional para a Independnecia Total de Angola* (UNITA) in Angola gevlieg het.

## 5.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gesien hoedat daar binne die raamwerk van die totale nasionale strategie doelbewuste pogings aangewend is om Vaaldriehoekers oor die aanslag in te lig, ten einde hulle te mobiliseer. Die pogings om mense in te lig, was meer selektief van aard. Die kultuurbewuste publiek is tydens volksfeesdae oor die aanslag ingelig. Daar is egter veral op Afrikaanse kultuurgroepe en sake-organisasies gekonsentreer om van die aanslag kennis te neem, met die oog daarop dat hulle dit dan weer sou oordra. In die volgende hoofstuk gaan die verskillende meganismes waardeur die breër Vaaldriehoekse publiek teen die aanslag gemobiliseer is, behandel word.

[78] Anon, "Kerknuus: Wynand du Toit praat oor sy Angola-ervaring", in *Vaalweekblad*, 04.08.1989; C. Vermaak, "Freed Wynand is morale booster for troopies", in *Citizen*, 06.10.1988. Vgl. ook A. Soule, G. Dixon, R. Richards, *The Wynand du Toit story* (Johannesburg, Hans Strydom, 1987).

[79] S. van den Berg, "Russiese vliegtuig vind tuiste in V'ging", in *Vaalweekblad*, 17.07.1992.